

15 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 7:11-28
Fokusgedeelte: Hebreërs 7:22-26
HK, Vraag 15

Jy kan jou Krediteur in die oë kyk

Min dinge is so sleg as wanneer jy jou krediteure in die oë moet kyk en jy weet jy het nie geld nie. Inteendeel, jou skuld vermeerder maandeliks met rente.

Israel het meesal met hierdie dilemma voor God gesit. Die priesters se offers kon nie regtig die sondeskuld verminder nie, want hulle moes eers vir hulle eie sonde offer voordat hulle vir die volk met offers kon intree. Die offers in die Ou Testament het om 'n ander priesterdiens geroep, eintlik vir 'n ander tipe priester.

Volgens vers 26 is die eerste vereiste van God dat die hoëpriester heilig moes wees. Dit moes vir hom onmoontlik wees om sonde te doen. 'n Tweede vereiste is dat hy onskuldig moes wees, vry van enige kwaad. Derdens moes hy onbesmet wees. Daar mag niks verdags aan sy persoon gekleef het nie.

Die priesters het nie aan hierdie vereistes voldoen nie. Daarvan is Aäron, Hofni en Pinehas reeds van vroeg af voorbeelde. Hulle was wel ware mense, maar net mense, sondaarmense.

God styg uit. Die offer wat vir Hom volmaak is, moet ook bo die mens uitstyg. Daarom wil Hy 'n hoëpriester “verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele” hê. Dan is daar 'n offer moontlik wat die skuld van die mens wegneem. Ons Middelaar moet mens wees, maar nie net mens nie, hy moet regverdige mens wees. Hy moet ook meer as mens wees. Hy moet ook God wees.

Ons kan ons grootste Krediteur in die oë kyk, want ons het 'n Borg (vers 22) wat vir ons skuld instaan: Jesus Christus, omdat Hy ware regverdige mens is én ook ware God.

Sing: Psalm 107:10 (1936-beryming)
Psalm 107:7 (2001-omdigting)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)